



KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER  
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT  
POSBUS 60  
PIKETBERG  
7320

**NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG  
31 MEI 2016 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT,  
PIKETBERG**

**TEENWOORDIG**

**RAADSLEDE**

Rdh J Raats	[DA]	Speaker
Rdl E Manuel	[DA]	Uitvoerende Burgemeester
Rdl Me S Crafford	[DA]	Uitvoerende Onderburgemeester
Rdh R Van Rooy	[COPE]	
Rdh A De Vries	[DA]	
Rdl C Snyders	[DA]	
Rdl D Smith	[DA]	
Rdl J Botha	[DA]	
Rdl Me C Snyders	[ANC]	
Rdl A Maarman	[ANC]	
Rdl Me S Smit	[ANC]	

**AMPTENARE**

Adv. H Linde	Munisipale Bestuurder
Mnr J Van Niekerk	Direkteur Finansiële Dienste
Mnr J Kotzee	Direkteur Korporatiewe Dienste
Mnr H Kröhn	Direkteur Tegniese Dienste
Me A van Sittert	Bestuurder: Strategiese Dienste
Me J Erasmus	Interne Ouditeur
Mnr W Wagener	Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling
Mnr N Scheepers	Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste
Me C Cloete	Senior Tikster

AKSIE

**RVN001/05/2016**

**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid C Snyders open die vergadering met gebed, waarna die Speaker alle besoekers, raadslede en personeel by die vergadering verwelkom.

\*\*\*

**RVN002/05/2016**

**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**

**3/3/1/4**

Raadslid W Dirks – siekverlof  
Raadslid S Claassen – afwesig met verskoning

\*\*\*



NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG  
31 MEI 2016 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT,  
PIKETBERG

**RVN003/05/2016**

**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN  
AMPTENARE)**

**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange, met betrekking tot items in die agenda, het nie.

\*\*\*

**RVN004/05/2016**

**BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DONDERDAG  
21 APRIL 2016**

**3/3/2/2**

Dat die notule van die Spesiale Raadsvergadering gehou op Donderdag 21 April 2016 bekragtig word.

**KLERK: KOMITEE  
DIENSTE  
C CLOETE**

\*\*\*

**RVN005/05/2016**

**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**

**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende verklarings / mededelings naamlik:

**LIEF**

- Raadslid S Smit verjaar op Maandag 09 Junie 2016

Die Voorsitter wens haar geluk met die vermeerdering van jare en voorspoed toe vir die uitdagings in die nuwe lewensjaar.

**LEED**

- Dat 'n kollega, Judith Muna, se ouma oorlede is; en
- Mnr J Engelbrecht se skoonma oorlede is.

Die Voorsitter simpatiseer met die bogenoemde persone en wens die families sterkte toe met die heengaan van hul geliefdes.

- Dat die Raad in sessie gaan vanaf Vrydag 24 Junie 2016 tot Maandag 18 Julie 2016.

**DIREKTEUR  
KORPORATIEWE  
DIENSTE**

\*\*\*

**RVN006/05/2016**

**EERSTE ONDERHOUD MET AFVAARDIGINGS: VOORLEGGING DEUR URBAN DYNAMICS  
WESTERN CAPE**

**3/3/1/5**

***(’n Verbale en visuele voorlegging word gedoen)***

Die Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling stel Mnre Gerhard Swart en Jaco van Tonder van Urban Dynamics (Western Cape) aan die vergadering voor.



NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG  
31 MEI 2016 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT,  
PIKETBERG

Mnr Swart doen 'n breedvoerige visuele en verbale voorlegging met betrekking tot die aanneem van die Verordening van die Geïntegreerde Soneringskema vir Bergrivier Munisipaliteit en meld dat dié Munisipaliteit die eerste in die Wes-Kaap is wat die verordening implementeer, indien die Raad die aanbeveling sou aanvaar.

Die Voorsitter bedank die Direkteur Korporatiewe Dienste en Bestuurder: Bepanning en Ontwikkeling vir die insette gelewer tydens die proses. Hierna verlaat Mnr Swart en Mnre van Tonder die vergadering.

*(Sien verdere notule by punt RVN 020)*

\*\*\*

**RVN007/05/2016**

**MOSIES / VRAE**

**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

\*\*\*

**RVN008/05/2016**

**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: RAADSHEERSKAP**

**9/1/2**

*(Verslag word ter tafel gelê – Aanhangsel A)*

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en meld dat 'n opname deur die administrasie gemaak is van die huidige Raadslede se termyn tot op 03 Augustus 2016 wat kwalifiseer vir raadsheerskap.

Die Speaker lees die aanbeveling voor aan die Raad vir besluitneming.

**Besluit:**

1. Dat die titel Raadsheer met ingang van 02 Junie 2016 aan Raadslid EB Manuel toegeken word; en
2. Dat 'n Oorkonde aan Raadslid EB Manuel oorhandig word tydens die Raadsvergadering op Dinsdag 31 Mei 2016.

*(Die Speaker oorhandig die Oorkonde van Raadsheerskap aan die Uitvoerende Burgemeester, waarna 'n fotosessie plaasvind. Gelukwensings word deur die Speaker gedoen.)*

\*\*\*

**DIREKTEUR  
KORPORATIEWE  
DIENSTE**



**RVN009/05/2016**

**REVIEW OF THE ANTI-FRAUD AND CORRUPTION POLICY**

12/2/21

**RESOLUTION:**

That the Council **approves** the reviewed Anti-Fraud and Corruption Policy (which includes the Fraud Prevention Strategy and the Fraud and Corruption Management Implementation Plan).

**INTERNAL AUDITOR**

\*\*\*

**RVN010/05/2016**

**REVIEW OF THE RISK POLICIES**

12/2/21

The Speaker read the recommendation to the members of Council for consideration.

**RESOLUTION:**

That the Council **approves** the below mentioned policies, namely:

- (a) Risk Management Policy with annexure;
- (b) Risk Appetite Framework;
- (c) Risk Strategy with Implementation Plan; and
- (d) Risk Committee Charter.

**INTERNAL AUDITOR**

\*\*\*

**RVN011/05/2016**

**APPROVAL OF THE PUBLIC PARTICIPATION POLICY FOR BERGIVIER MUNICIPALITY**

12/2/21

The Municipal Manager gave a brief summary of the item under discussion.

The Speaker read the recommendation to the members of Council for consideration.

**RESOLUTION:**

That the Council **approves** the draft Public Participation Policy.

**MANAGER: STRATEGIC  
SERVICES**

\*\*\*



NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG  
31 MEI 2016 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT,  
PIKETBERG

**RVN012/05/2016**

**REPORT OF THE PERFORMANCE AND AUDIT COMMITTEE ON BERGRIVIER MUNICIPALITY'S  
PERFORMANCE MANAGEMENT FOR THE PERIOD: 01 JULY 2015 TO 31 DECEMBER 2015**

12/2/21

The Speaker read the recommendation to the members of Council for consideration.

**RESOLUTION:**

That the Council **notes** the first report of the Performance and Audit Committee on Performance Management for the period 01 July 2015 to 31 December 2015.

\*\*\*

**RVN013/05/2016**

**MONTHLY BUDGET STATEMENT: MARCH 2016**

9/1/2

**RESOLUTION:**

That the Council **notes** the Monthly Budget Statement and supporting documentation for March 2016.

\*\*\*

**RVN014/05/2016**

**2015/16 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 3: 1 JULY  
2015 TO 31 MARCH 2016 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL  
FINANCE MANAGEMENT ACT (ACT 56 OF 2003)**

5/1/2

The Speaker read the recommendation to the members of Council for consideration.

**RESOLUTION:**

That the non-financial performance report and the report on the implementation of the budget and the financial affairs of the Municipality for the third quarter (1 October 2015 to 31 March 2016) be **noted** in terms of Section 52(d) of the MFMA.

**MANAGER:  
STRATEGIC SERVICES**

\*\*\*



NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG  
31 MEI 2016 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT,  
PIKETBERG

**RVN015/05/2016**

**APPROVAL OF THE INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN (2012/13 – 2016/17) – FOURTH  
REVISION 2016/17**

**15/1/5/5**

After thanking the Manager Strategic Services for excellent work regarding the compiling of the Integrated Development Plan (fourth revision 2016/2017) the Speaker read the recommendation to the members of Council for consideration.

**RESOLUTION:**

That the fourth revision (2016/17) of the 2012/13 – 2016/17 Integrated Development Plan be **approved** in terms of Section 34 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000, (Act 32 of 2000).

\*\*\*

**MANAGER:  
STRATEGIC SERVICES**

**RVN016/05/2016**

**RISIKO VERSEKERING VIR RAADSLEDE**

**5/11/1**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking en maak melding dat, indien daar Raadslede is wat nog in die Risikoversekering belangstel, hul teen Dinsdag 31 Mei 2016 die Korporatiewe Dienste afdeling diensooreenkomstig sal in kennis stel.

**BESLUIT:**

Dat kennis geneem word deur die Raad dat versekering vir Spesiale Risikodekking uitgeneem word vir alle Raadslede, soos voorgeskryf in die Staatskoerant 39548 gedateer 21 Desember 2015.

\*\*\*

**DIREKTEUR  
KORPORATIEWE  
DIENSTE**

**RVN017/05/2016**

**GOEDKEURING VAN DIE AANSUIWERINGSBEGROTING: 2015 - 2016**

**5/1/1**

Die Speaker lees die aanbeveling aan die Raadslede voor vir goedkeuring.

**RESOLUTION:**

1. That the fourth annual Adjustment Budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2015/2016, be **approved**:
  - a) Table B2: Adjustment budget Financial Performance (expenditure by standard classification);
  - b) Table B3: Adjustment budget Financial Performance (expenditure by municipal vote);
  - c) Table B4: Adjustment budget Financial Performance (revenue by source);
  - d) Table B5: Adjustment budget Capital Expenditure for both multiyear

**DIRECTOR FINANCIAL  
SERVICES**



and single year by vote, standard classification and funding;

- e) Table B6: Budgeted Financial Position;
- f) Table B7: Budgeted Cash Flow;
- g) Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation;
- h) Table B9: Asset Management;
- i) Table B10: Basic service delivery measurement; and

2. That the Adjustment Budget be submitted to the authorities and in the format as required by law.

*The ANC caucus as present, refrained from voting in the matter.*

\*\*\*

**RVN018/05/2016**

**BURGEMEESTER SE KOMMENTAAR OP SKRIFTELIKE BESWARE MET BETREKKING TOT DIE KONSEPBEGROTING: 2016/2017**

**5/1/1**

Die Uitvoerende Burgemeester lig die verslag toe en lees enkele paragrawe in die verslag aan die Raad voor.

**BESLUIT:**

**A. BESWAAR – POMA**

**Besluit:**

1. Dat die Direkteur Finansiële Dienste die hulptoekenning van R 795 000,00 vir POMA vir die 2015/2016 finansiële jaar met POMA kommunikeer en nie R 742 000,00 soos in hul skrywe genoem; en
2. Dat die Direkteur Finansiële Dienste die korrekte bedrag van R842 000,00 vir die 2016/2017 finansiële jaar met POMA kommunikeer.

**B. BESWAAR – A Pretorius**

**Besluit:**

1. Dat die komitee kennis neem; en
2. Dat 'n verkeerskalmeringsplan ondersoek word deur die Direkteur Korporatiewe Dienste vir voorsiening in die 2016/2017 begroting in konsultasie met die Direkteur Tegnieese Dienste.

**C. BESWAAR – SR Swartz**

**Besluit:**

**Punt 1:** Dat die versoek toegestaan word en dat die betaaldatum vir munisipale dienste rekeninge verskuif word na die einde van die maand;



NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG  
31 MEI 2016 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT,  
PIKETBERG

**Punt 2:** Dat terplaaste ondersoeke gedoen word en befonds uit huidige begroting;

**Punt 3:** Dat kennis geneem word en in die toekoms beter daarvoor beplan word;

**Punt 4:** Dat Administrasie kennis neem daarvan;

**Punt 5:** Dat die Korporatiewe Dienste Departement kennis neem en dat dit deel sal vorm van biblioteke se opknappingsprogram; en

**Punt 6:** Dat 'n werker tans die Porterville rugbyveld beman.

#### **D. BESWAAR – Wykskomitees**

##### **Besluit:**

1. Dat die Direkteur Finansiële Dienste en Bestuurder: Strategiese Dienste skriftelik kommunikeer met die onderskeie wykskomitee rakende die uitkomst van hulle besware;
2. Dat die Direkteur Tegnieuse Dienste die wykskomitee vergaderings 3 en 4 bywoon, sodat hy die Raad se tien jaar behuisingsplan (uit MIG befonding) aan die wykskomitees verduidelik; en
3. Dat die Bestuurder Strategiese Dienste die versoeke van die Provinsiale "Roadshows" deelmaak van haar toekomstige begroting.

#### **E. PROVINCIAL REPORT (LGMTEC 3)**

##### **Besluit:**

Dat gekonsulteer word rakende die aanwending van die 2018/2019 begroting, soos vervat in die LGMTEC 3 verslag.

\*\*\*

#### **RVN019/05/2016**

#### **GOEDKEURING VAN FINALE BEGROTING: 2016/2017 EN BELEIDSDOKUMENTE**

5/1/1

Die Speaker gee die Uitvoerende Burgemeester die geleentheid om die finale begroting 2016/2017 aan die Raad voor te lê.

Die Uitvoerende Burgemeester lewer 'n kort begrotingstoespraak en bedank die Burgemeesterskomiteede, Begrotingsloodskomitee, Munisipale Bestuurder, Direksie vir die insette gelewer tydens die begrotingsproses.

Hy meld verder dat die Bergrivier Munisipaliteit se tariefverhoging van gemiddeld 6%, uitgesluit die elektrisiteitstarief leer baie goed vergelyk met ander B-munisipaliteite binne die Wes-kaap.

Die Direkteur Finansiële Dienste meld vir kennisname dat NERSA die aansoek vir 'n elektrisiteitstariefverhoging ( $\pm 7\%$ ) van Bergrivier Munisipaliteit goedgekeur het.

Die Speaker lees die aanbeveling aan die Raadslede voor vir goedkeuring, waarna die finale begroting vir 2016/17 en begrotingsbeleidsdokumente met

**DIREKTEURE**





'n meerderheidstem goedgekeur word.

**RESOLUTION:**

1. The Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 24 of the Municipal Finance Management Act, (Act 56 of 2003) approves and adopts:
  - a) The annual budget of the municipality for the financial year 2016/17 and the multi-year and single-year capital appropriations as set out in the following tables:
    - i) Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure by standard classification) – Table A2;
    - ii) Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure by municipal vote) – Table A3;
    - iii) Budgeted Financial Performance (revenue by source and expenditure by type) – Table A4; and
    - iv) Multi-year and single-year capital appropriations by municipal vote and standard classification and associated funding by source – Table A5;
  - b) The financial position, cash flow budget, cash-backed reserve /accumulated surplus, asset management and basic service delivery targets are approved as set out in the following tables:
    - i) Budgeted Financial Position – Table A6;
    - ii) Budgeted Cash Flows – Table A7;
    - iii) Cash backed reserves and accumulated surplus reconciliation – Table A8;
    - iv) Asset management – Table A9; and
    - v) Basic service delivery measurement – Table A10;
2. The Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 75A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) approves and adopts with effect from 1 July 2016:
  - a) the tariffs for property rates;
  - b) the tariffs for electricity;
  - c) the tariffs for the supply of water;
  - d) the tariffs for sanitation services; and
  - e) the tariffs for solid waste services;
3. The Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of 75A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) approves and adopts with effect from 1 July 2016 the tariffs for other services as contained in the tariff list included in the budget document;
4. To give proper effect to the municipality's annual budget, the Council of

***DIRECTOR FINANCIAL  
SERVICES***



NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG  
31 MEI 2016 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT,  
PIKETBERG

Bergvliet Municipality approves:

- a) That cash backing is implemented through the utilisation of a portion of the revenue generated from property rates to ensure that all capital reserves and provisions, unspent long-term loans and unspent conditional grants are cash backed as required in terms of section 8 of the Municipal Budget and Reporting Regulations;
  - b) That the municipality be permitted to enter into long-term loans for the funding of the capital programmes in respect of the 2016/17 financial year limited to an amount of R6.750 million in terms of Section 46 of the Municipal Finance Management Act;
  - c) That the Municipal Manager be authorised to sign all necessary agreements and documents to give effect to the above lending programme; and
5. The following policies were reviewed and the Council of Bergvliet Municipality, acting in terms of section 24 of the Municipal Finance Management Act, (Act 56 of 2003) approve and adopted the following existing policies:
- a) Asset management policy
  - b) Cash Management and Investment policy
  - c) Credit control and Debt collection policy
  - d) Property Rates policy
  - e) Tariff policy
  - f) Virement policy
  - g) Property Rates Bylaw
  - h) Supply Chain Management policy
  - i) Borrowing Policy
  - j) Funding, Reserves and Long Term Financial Planning Policy
  - k) Budget Implementation and Monitoring Policy.

**DIRECTOR FINANCIAL  
SERVICES**

***The ANC caucus as present, refrain from voting in the matter.***

\*\*\*

**RVN020/05/2016**

**PASSING OF PROPOSED INTEGRATED ZONING SCHEME BY-LAW FOR BERGRIVIER  
MUNICIPALITY**

**15/3/9**

The Speaker read the recommendation to the members of Council for consideration.

**RESOLUTION:**

1. That the content of this report be noted;
2. That in terms of Section 156(2) of the Constitution read with Section



NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG  
31 MEI 2016 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT,  
PIKETBERG

11(3)(m) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the Integrated Zoning Scheme By-Law for Bergrivier Municipality, attached as **ANNEXURE B**, be passed;

3. That in terms of Section 13(a) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the Integrated Zoning Scheme By-Law for Bergrivier Municipality, attached as **ANNEXURE B**, be published with the date of publication in the Provincial Gazette as the date of it coming into effect; and

4. That the existing Zoning Scheme Regulations applicable to Bergrivier Municipality can be repealed as far as it is applicable to Bergrivier Municipal area, as amended, in order for the Integrated Zoning Scheme By-Law for Bergrivier Municipality, attached as **ANNEXURE B**, to come into effect.

**DIRECTOR  
CORPORATE  
SERVICES**

\*\*\*

**RVN021/05/2016**

**BESLUIE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 29 MAART 2016**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 29 Maart 2016.

\*\*\*

**RVN022/05/2016**

**BESLUIE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 19 APRIL 2016**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 19 April 2016.

\*\*\*

**RVN023/05/2016**

**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME  
3/2/1/3**

Geen

\*\*\*

**RVN024/05/2016**

**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

\*\*\*



NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG  
31 MEI 2016 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT,  
PIKETBERG

---

**RVN025/05/2016**

**IN KOMITEE: BESLUIE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN  
KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**

Geen

\*\*\*

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:20  
BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.***

---

**VOORSITTER  
(SPEAKER)**

---

**DATUM**

\*\*\*